

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIELE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

10c WEDNESDAY 7 MAY 1975 WINDHOEK

Woensdag 7 Mei 1975 No. 3462

CONTENTS

Page / Bladsy

INHOUD

Page / Bladsy

DRAFT ORDINANCE:

664

ONTWERPORDONNANSIE:

665

Native Housing Levy and Contributions Amendment
Draft Ordinance, 1975

Wysigingsontwerpordonnansie insake Heffings en
Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1975

Draft Ordinance

Ontwerpordonnansie

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administreleur,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

| Words in square brackets indicate omissions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to define the expression "Executive Committee"; to amend the purposes for which the funds in the native housing fund account may be appropriated; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

Amendment of Ordinance 33 of 1961, to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".

1. The Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

Amendment of section 1 of Ordinance 33 of 1961, as amended by section 1 of Ordinance 24 of 1967.

2. Section (1) of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph (iv) of the following paragraph:

"(ivA) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (viiiA)".

Amendment of section 6 of Ordinance 33 of 1961, as substituted by section 2 of Ordinance 17 of 1971.

3. Section 6 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The native housing fund account shall be chargeable only with -

(a) if contributions are paid -

[(a)] (i) the cost of administration of this Ordinance;

[(b)] (ii) any expenditure approved by the [Administrator] Executive Committee and

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.
- | | Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961, ten einde die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te omskryf; die doeleinades waarvoor die fondse in die inboorlingbehuisingsfondsrekening aangewend mag word, te wysig; en om voorstiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van Ordonnansie 33 van 1961, om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf (viii) die volgende paragraaf in te voeg:

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 33 van 1961, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 24 van 1967.

"(viii A) beteken "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968); (ivA)".

3. Artikel 6 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 33 van 1961, soos vervang deur artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1971.

"(1) Die inboorlingbehuisingsfondsrekening word alleenlik belas met -

(a) indien bydraes betaal word -

[(a)] (i) die Administrasiekoste verbonde aan hierdie Ordonnansie;

[(b)] (ii) enige uitgawe goedgekeur deur die [Administrateur] Uitvoerende Komitee en

incurred by the urban local authority in connection with the provision of native housing in a location or a native village under the control of that urban local authority;

[(c)] (iii) any contribution, approved by the [Administrator] Executive Committee, to the native revenue account established in terms of section *seventeen* of the Proclamation, for the purpose of reducing interest and redemption charges payable by the said native revenue account in respect of loans taken up for the provision of native housing in a location or native village;

[(d)] (iv) any other expenditure approved by the [Administrator] Executive Committee after consultation with the Minister of Bantu Administration and Development; or

(b) if levies are paid -

(i) the cost of administration of this Ordinance;

(ii) any contribution, approved by the Executive Committee, to the native revenue account established in terms of section *seventeen* of the Proclamation, for the purpose of reducing interest and redemption charges payable by the said native revenue account in respect of loans taken up for the provision of native housing in a location or native village.”.

Substitution of the long title of Ordinance 33 of 1961, as amended by section 11 of Ordinance 24 of 1967.

4. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Ordinance:

“To provide for the payment of contributions or levies by employers towards the cost of housing of their native employees and towards the creation of other facilities, amenities and services in locations and native villages and for the benefit of the inhabitants of locations and native villages, and to provide for other incidental matters.”

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Native Housing Levy and Contributions Amendment Ordinance, 1975.

aangewend deur die stedelike plaaslike bestuur ten opsigte van die voorsiening van inboorlingbehuisung in 'n lokasie of 'n inboorlingdorp onder beheer van daardie stedelike plaaslike bestuur;

- [c] (iii) enige bydrae, deur die [Administrateur]Uitvoerende Komitee goedgekeur, aan die inboorlinginkomsterekening ingestel ingevolge artikel *sewentien* van die Proklamasie, vir die doeleindes van vermindering van rente en delgingskoste betaalbaar deur genoemde inboorlinginkomsterekening ten opsigte van lenings opgeneem vir die voorsiening van inboorlingbehuisung in 'n lokasie of inboorlingdorp;
- [d] (iv) enige ander uitgawe goedgekeur deur die [Administrateur] Uitvoerende Komitee na oorlegpleging met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling; of

(b) indien heffings betaal word -

- (i) die administrasiekoste verbonde aan hierdie Ordonnansie;
- (ii) enige bydrae, deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur, aan die inboorlinginkomsterekening ingestel ingevolge artikel *sewentien* van die Proklamasie, vir die doeleindes van vermindering van rente- en delgingskoste betaalbaar deur genoemde inboorlinginkomsterekening ten opsigte van lenings opgeneem vir die voorsiening van inboorlingbehuisung in 'n lokasie of inboorlingdorp.”.


4. Die lang titel van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende lang titel vervang:

“Om voorsiening te maak vir die betaling van bydraes of heffings deur werkgewers ten opsigte van die koste van behuisung van hulle inboorlingwerknelmers en van die daarstelling van ander fasiliteite, geriewe en dienste in lokasies en inboorlingdorpe en ten voordele van die inwoners van lokasies en inboorlingdorpe; en om voorsiening te maak vir ander bykomende sake.”

Vervanging van die lang titel van Ordonnansie 33 van 1961, soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 24 van 1967.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1975.

Kort titel.



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIELE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

10c WEDNESDAY 7 May 1975 WINDHOEK

Woensdag 7 Mei 1975. No. 3463

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

Page/Bladsy

DRAFT ORDINANCE: ONTWERPORDONNANSIE:

Village Management Boards Amendment Draft Ordinance, 1975	669	Wysigingsontwerpordonnansie op Dorpsbesture, 1975	670
---	-----	---	-----

Draft Ordinance

Ontwerpordonnansie

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Village Management Boards Ordinance, 1963, so as to define the expression "local authority"; to provide for the establishment of pension, provident, benevolent and sick funds; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 1 of
Ordinance 14 of 1963.

1. Section 1 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the insertion after the definition of "Board Area" of the following definition:

"local authority" means a Board or the council of a municipality established or constituted under the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) or the Peri-Urban Development Board established under the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);".

Insertion of section 10A in
Ordinance 14 of 1963.

2. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 10:

"Pension, provident, benevolent and sick funds."

10A. (1) A Board may, subject to the provisions of the Pension Funds Act, 1956, (Act 24 of 1956) and the Medical Schemes Act, 1967 (Act 72 of 1967)

(a) establish and out of the revenues of the Board contribute to any pension, provident, benevolent or sick fund for the purpose of making grants to or providing pensions for its employees upon retirement, their widows, orphans and other dependants, or agree with any other local authority or local authorities to establish a united pension, provident, benevolent or sick fund for the benefit of employees of any of those local authorities;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan
invoegings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963, om die uitdrukking "plaaslike bestuur" te omskryf; om voorsiening te maak vir die instelling van pensioen-, ondersteunings-, liefdadigheids- en siektefondse; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur na die woordbepaling van "bestuursgebied" die volgende woordbepaling in te voeg:

"beteken "plaaslike bestuur" 'n bestuur of die raad van 'n munisipaliteit gestig of ingestel ingevolge die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);"

Wysiging van artikel 1 van
Ordonnansie 14 van 1963.

2. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 10 ingevoeg:

Invoeging van artikel 10A
in Ordonnansie 14 van 1963.

"Pensioenondersteunings-, liefdadigheids- en siektefondse. 10A. (1) 'n Bestuur kan behoudens die bepalings van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956) en die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet 72 van 1967) —

(a) enige pensioen-, ondersteunings-, liefdadigheids- of siektefonds instel en uit die inkomste van die bestuur tot sodanige fonds bydra met die doel om toekennings te betaal of pensioene te verskaf aan sy werknelmers by aftreding, hul weduwees, weeskinders en ander afhanglikes of met enige ander plaaslike bestuur of plaaslike besture ooreenkoms om 'n verenigde pensioen-, ondersteunings-, liefdadigheids- of siektefonds in te stel ten voordele van werknelmers van enige van daardie plaaslike besture;

(b) enter into an agreement with an insurance company for the payment of pensions, gratuities and other benefits to such employees;

(c) grant gratuities by way of monthly payments or otherwise to such employees out of any such pension, provident, benevolent or sick fund.


(2) A Board may, subject to the approval of the Executive Committee, grant gratuities or pensions out of the revenues of the Board to such of its employees, who, at the date of the establishment of any pension, provident or benevolent fund referred to in subsection (1) had reached the age of forty years and had completed not less than ten years of unbroken service with the Board or to the widows, orphans or other dependants of such employees, in addition to any gratuity or pension to which such employees as aforesaid may be entitled under any of the aforesaid funds.

(3) For the purposes of subsection (2) the date of the establishment of any pension, provident or benevolent fund shall be deemed to be the date on which a Board and its employees commenced to contribute to any such fund, whether or not such date be before or after the publication of any regulations made in terms of subsection (4).

(4) A Board may, subject to the provisions of section 14(2), (3), (4) and (5) make, amend and revoke such regulations as it considers necessary or expedient for the carrying out of the provisions of subsection (1)."

Short title.

3. This Ordinance shall be called the Village Management Boards Amendment Ordinance, 1975.



- (b) 'n ooreenkoms met 'n versekeringsmaatskappy aangaan vir die betaling van pensioene, gratifikasies en ander voordele aan sodanige werknemers;
- (c) uit enige sodanige pensioen-, ondersteunings-, liefdadigheids- of siektesfonds gratifikasies by wyse van maandelikse betalings of andersins aan sodanige werknemers toeken.

(2) 'n Bestuur kan onderhevig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee uit die inkomste van die bestuur gratifikasies of pensioene toeken aan sodanige van sy werknemers soos op die datum van die instelling van enige pensioen-, ondersteunings- of liefdadigheidsfonds bedoel in subartikel (1) die ouderdom van veertig jaar bereik het en minstens tien jaar ononderbroke diens by die bestuur voltooi het, of aan die weduwees, weeskinders of ander afhanglikes van sodanige werknemers, bo en behalwe enige gratifikasie of pensioen waarop sodanige bedoelde werknemers uit kragte van enige van die voormalde fondse geregtig is.

(3) By die toepassing van subartikel (2) word die datum van die instelling van enige pensioen-, ondersteunings- of liefdadigheidsfonds beskou as die datum waarop 'n bestuur en sy werknemers begin het om by te dra tot enige sodanige fonds, ongeag of sodanige datum voor of na die publikasie van enige regulasies gemaak ingevolge subartikel (4) val of nie.

(4) 'n Bestuur kan behoudens die bepальings van artikel 14(2), (3), (4) en (5) sodanige regulasies soos hy nodig of dienstig ag vir die uitvoering van die bepальings van subartikel (1) maak, wysig en intrek.”.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordinansie op Dorpsbesture, 1975. Kort titel:

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

10c Monday 12 May 1975 WINDHOEK

Maandag 12 Mei 1975 No. 3464

CONTENTS

Page/Bladsy

INHOUD

Page/Bladsy

DRAFT ORDINANCE:

Accommodation Establishments and Tourism Amendment Draft Ordinance, 1975	674	Wysigingsontwerpordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1975	675
--	-----	---	-----

ONTWERPORDONNANSIE:

DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[] Words in square brackets indicate omissions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973, so as to provide that the Executive Committee may require certain undertakings before granting approval for the conditional registration of an establishment; to provide that the registration of an establishment may be withdrawn on application of the owner thereof; to provide that the owner, lessee or manager of an establishment shall be the responsible person in relation to such establishment; to provide that the Executive Committee may accept a guarantee given by a financial institution as surety of a loan; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 21
of Ordinance 20 of 1973.

1: Section 21 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (Ordinance 20 of 1973) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended -

(a) by the addition to subsection (2) of the following proviso:

"Provided that the Executive Committee may, before granting any such approval, require the owner, lessee or manager of an establishment to undertake in writing -

(a) that he will comply with the requirements prescribed for the registration of such establishment within a period determined by the Executive Committee; and

(b) that he will, if he fails to comply with the requirements prescribed for the registration of such establishment within the period referred to in paragraph (a), pay to the Administration an amount, not exceeding one hundred rand, which is determined by the Executive Committee in respect of every day he so fails to comply with such requirements."; and

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Huisvestings-inrigtings en Toerisme 1973, om voorsiening te maak dat die Uitvoerende Komitee sekere ondernemings kan vereis alvorens hy goedkeuring verleen vir die voorwaardelike registrasie van 'n inrigting; om voorsiening te maak dat die registrasie van 'n inrigting op aansoek van die eienaar daarvan ingetrek mag word; om te bepaal dat die eienaar, huurder of bestuurder van 'n inrigting die verantwoordelike persoon is met betrekking tot sodanige inrigting; om voorsiening te maak dat die Uitvoerende Komitee 'n waarborg verskaf deur 'n finansiële instelling kan aanvaar as sekerheid vir 'n leningskuld; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 21 van die Ordonnansie op Huisvestings-inrigtings en Toerisme 1973 (Ordonnansie 20 van 1973) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 21 van Ordonnansie 20 van 1973.

(a) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (2) te voeg:

"Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, alvorens hy enige sodanige goedkeuring verleen, van die eienaar, huurder of bestuurder van 'n inrigting kan vereis om skriftelik te onderneem —

(a) dat hy aan die vereistes wat vir die registrasie van sodanige inrigting voorgeskryf is, sal voldoen binne 'n tydperk deur die Uitvoerende Komitee bepaal; en

(b) dat hy, indien hy in gebreke bly om aan die vereistes wat vir die registrasie van sodanige inrigting voorgeskryf is, te voldoen binne die tydperk bedoel in paragraaf (a), aan die Administrasie 'n bedrag van hoogstens honderd rand, wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal word sal betaal ten opsigte van elke dag wat hy aldus in gebreke bly om aan sodanige vereistes te voldoen.>"; en

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"[(4) On failure to comply with any condition determined under this section the Director shall withdraw the registration of such establishment.]

(4) An amount payable to the Administration in terms of any undertaking referred to in the proviso to subsection (2) shall be deemed to be a debt due to the Administration and may be recovered from the owner, lessee or manager of the establishment concerned in any competent court."

Amendment of section 23
of Ordinance 20 of 1973.

2. Section 23 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following paragraph:

"(c) if the owner of the establishment concerned applies therefor in writing."

Substitution of section 30
of Ordinance 20 of 1973.

3. The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Ordinance:

"[Manager is] Responsible person in relation to establishment.

30. The owner, lessee or manager of an establishment shall, subject to the provisions of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969), be responsible for compliance with all the provisions and requirements applicable [in terms of this Ordinance,] to [the] such establishment [managed by him] in terms of this Ordinance."

Substitution of section 36
of Ordinance 20 of 1973.

4. The following section is hereby substituted for section 36 of the principal Ordinance:

Bonds asl Su-
rerty of loans.

36. (1) [Loans] A loan shall only be granted

(a) against the registration of a first mortgage bond in favour of the Administration: Provided that the Executive Committee may also grant [loans] a loan against the registration of a second or further bond in favour of the Administration [in cases where] if the Administration is the holder of all existing bonds registered against the title deeds of the property concerned; or

(b) if a guarantee to the satisfaction of the Executive Committee for

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"[(4) By versuim om te voldoen aan enige voorwaarde kragtens hierdie artikel bepaal, moet die Direkteur die registrasie van sodanige inrigting intrek.]

(4) 'n Bedrag betaalbaar aan die Administrasie ingevolge enige onderneming bedoel in die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) word geag 'n skuld verskuldig aan die Administrasie te wees en kan in enige regsbevoegde hof op die eienaar, huurder of bestuurder van die betrokke inrigting verhaal word."

2. Artikel 23 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

Wysiging van artikel 23 van Ordonnansie 20 van 1973.

"(c) indien die eienaar van die betrokke inrigting skriftelik daarom aansoek doen."

3. Artikel 30 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 30 van Ordonnansie 20 van 1973.

"[Bestuurder is] Verantwoordelike persoon met betrekking tot inrigting.

30. Die eienaar, huurder of bestuurder van 'n inrigting is, behoudens die bepalings van die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969), verantwoordelik vir die nakoming van alle bepalings en vereistes wat ingevolge hierdie Ordonnansie van toepassing is op [die] sodanige inrigting [wat deur hom bestuur word].".

4. Artikel 36 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 36 van Ordonnansie 20 van 1973.

"[Verbande asl Se- kerheid vir lening- skulde.

36. (1) [Lenings] 'n Lening word slegs toegestaan -

(a) teen registrasie van 'n eerste verband ten gunste van die Administrasie [toegestaan]: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, indien die Administrasie die houer is van alle bestaande verbande geregistreer teen die titelbewys van die betrokke eiendom, ook [lenings] 'n lening teen registrasie van 'n tweede of verdere verband ten gunste van die Administrasie kan toestaan; of

(b) indien 'n waarborg tot tevredenheid van die Uitvoerende

the repayment of the loan is given by a financial institution approved by the Executive Committee.

(2) Whenever a bond or bonds in favour of any person other than the Administration have been registered against the title deeds of the property concerned, the Executive Committee may -

- (a) against registration of a first mortgage bond in favour of the Administration if a bond or bonds in favour of the Administration have not already been registered against the title deeds of the property concerned;
- (b) against registration of a second or further bond in favour of the Administration if a bond or bonds in favour of the Administration have already been registered against the title deeds of the property concerned,

grant a loan to redeem the said bond or bonds registered in favour of such other person.

(3) In the application of subsection (1) "financial institution" shall mean -

- (a) a building society registered under the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965); or
- (b) a banking institution registered under the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965); or
- (c) an insurer registered under the Insurance Act, 1943 (Act 27 of 1943); or
- (d) a unit trust scheme as defined in the Unit Trusts Control Act, 1947 (Act 18 of 1947); or
- (e) a pension fund organisation registered under the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956); or

Komitee vir die terugbetaling van die lening verskaf word deur 'n finansiële instelling wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is.

(2) Wanneer 'n verband of verbande ten gunste van iemand anders as die Administrasie teen die titelbewys van die betrokke eiendom geregistreer is, kan die Uitvoerende Komitee -

- (a) teen registrasie van 'n eerste verband ten gunste van die Administrasie indien 'n verband of verbande ten gunste van die Administrasie nie reeds teen die titelbewys van die betrokke eiendom geregistreer is nie;
- (b) teen registrasie van 'n tweede of verdere verband ten gunste van die Administrasie indien 'n verband of verbande ten gunste van die Administrasie reeds teen die titelbewys van die betrokke eiendom geregistreer is,

'n lening toestaan vir die aflossing van die bedoelde verband of verbande wat ten gunste van sodanige ander persoon geregistreer is.

(3) By die toepassing van subartikel (1) beteken "finansiële instelling" -

- (a) 'n bouvereniging wat kragtens die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), geregistreer is; of
- (b) 'n bankinstelling wat kragtens die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), geregistreer is; of
- (c) 'n versekeraar wat kragtens die Versekeringswet, 1943 (Wet 27 van 1943), geregistreer is; of
- (d) 'n effekte-trustskema soos in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947 (Wet 18 van 1947), omskryf; of
- (e) 'n pensioenfondsorganisasie wat kragtens die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956), geregistreer is; of

(f) a friendly society registered under the Friendly Societies Act, 1956 (Act 25 of 1956); or

(g) a board of executors or a trust company or any other company which invests, keeps in safe custody, controls or administers any trust property.”.

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1975.

- (f) 'n onderlinge hulpvereniging wat kragtens die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet 25 van 1956), geregistreer is; of
- (g) 'n eksekuteurskamer of 'n trustmaatskappy of enige ander maatskappy wat enige trustgoed belê, in veilige bewaring hou, beheer of administreer.”.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordon-
nansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1975.

Kort titel.